

Geagte Ouers,

By voorbaat baie dankie aan elke ouer wat ons gaan ondersteun tydens ons sportdag wat plaas vind op 2 en 3 Maart. Ons is egter steeds op soek na meer ouers wat ons kan help.

Sportdag Ouervergadering

Tydens die vergadering doen ons die indeling en ontvang ouers wat die dag werk hulle toegangskaartjies. Die besonderhede vir die vergadering is as volg:

Datum: Maandag 26 Februarie

Tyd: 18:00

Plek: Skoolsaal

Alle ouers wat aangedui het dat hulle gaan help moet asseblief die vergadering bywoon. Die leerders ontvang vandag die sportdag se program sodat u kan bepaal watter skof/te u beskikbaar sal wees om te werk.

Atletiek

Baie sterkte aan alle atlete wat gekwalifiseer het vir die Vrystaat Atletiek kampioenskappe op 2 en 3 Maart te Sasolburg.

Beheerliggaam Verkiesing

Ouers word weer herinner aan die beheerliggaam verkiesing van Vrydag 2 Maart om 07:00 by die skool. Ons vra asseblief u ondersteuning in die verband.

Wintersport

Ons wintersport skop af met die sportdag. Sterkte aan al die spanne en groepe wat deelneem.

Naweek Sport

Vrydag 23 Februarie - HTS Louis Botha Atletiek byeenkoms

Saterdag 24 Februarie - Kloppers Atletiek byeenkoms

Saterdag 24 Februarie - o/16 Sewes rugby te JF Hoërskool

o/15, o/17 en o/19 Fast Five netball te JF Hoërskool

Hokkie te JF Hoërskool

Uitteken van Leerlinge vir Afsprake

As gevolg van die besige akademiese program, vra ons asseblief dat die uitteken

van leerlinge vir dokters-, fisio, tandarts afsprake ens tot die minimum beperk word gedurende skoolure. In die geval van noodsaaklike afsprake wat tydens skoolure geskeduleer moet word, moet die reëling per brief vooraf deur die leerder by die kantoor getref word. Om afkondigings tydens klastyd te maak is baie steurend en onbillik teenoor die personeel en leerders. Leerders wat siek raak tydens skool, moet kantoor toe kom sodat die ontvangsdame die nodige reëlins kan tref vir u om u kind te kom haal. U samewerking in die verband sal waardeer word.

Toetsreeks

Neem asseblief kennis dat daar in Maart 'n toetsreeks sal plaasvind. Meer inligting volg binnekort.

Vriendelike groete,

H. van der Merwe
Skoolhoof